higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

SANITASIE EN HUISHOUDING N4

31 Mei 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 D
1.3 A
1.4 B
1.5 A
1.6 B
1.7 D
1.8 C
1.9 B
1.10 D

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

2.1 Onwaar
2.2 Onwaar
2.3 Onwaar
2.4 Waar
2.5 Onwaar
2.6 Waar
2.7 Waar
2.8 Onwaar
2.9 Waar
2.10 Onwaar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1
- Roep instandhouding na die spesifieke kamer om die fout na te gaan.
- As die probleem nie reggestel kan word nie, vra die gas om moontlik ’n oop kamer te gebruik om in te stort totdat die probleem reggestel is.
- As die probleem nie herstel kan word nie, skuif die gas na ’n ander kamer.
- Vra die gaste om verskoning en vra huishouding om die gas te help verskuif. Bied ’n moontlike welwillendheidsgebaar soos ’n gratis ontbyt of aandete, ens. aan.

3.2
- Roep instandhouding na die kamer, aangesien hulle opgelei is om sekere reuke te herken.
- As dit iets is wat huishouding kan regstel, roep hulle dadelik.
- As dit ’n reuk is wat nie weggaan nie, skuif die gas na ’n ander kamer.
- Bied ’n moontlike welwillendheidsgebaar soos ’n gratis ontbyt of aandete, ens. aan.

Kopiereg voorbehou

3.3
- Vra die gas om verskoning.
- Neem die kos direk kombuis toe en moenie die probleem met ander op die vloer bespreek nie.
- Verduidelik die situasie aan die sjef en roep die toesighouer of bestuurder.
- Nadat die kos reggemaak is, neem die kos vinnig na die gas terug of vra die gas om weer na die spyskaart te kyk en ander kos te kies.

3.4
- Die meeste hotelle bied nou gratis Wi-Fi aan, maar as gaste moet betaal, moet die rede daarvoor verduidelik word.
- Die rede is moontlik as gevolg van swak ligging of hoë tariewe.
- Maak seker dat die Wi-Fi bekostigbaar is.
- Plak plakkate op wat die rede waarom betaal moet word, vooraf verduidelik.

3.5
- Roep huishouding dringend na die kamer om skoon te maak of die situasie reg te stel.
- Rapporteer die voorval aan die huishoudingsbestuurder en die direkte bestuurder of toesighouer.
- Vra namens die personeel om verskoning.
- As dit ’n dringende kwessie van higiëne is, skuif die gas eerder na ’n ander kamer, verkieslik opgegradeer, aangesien dit nie die gas se skuld is dat die kamer nie skoon is nie.

(Enige 5 × 4) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 4.1.1
- Maagkrampe
- Diarree
- Braking
- Hoofpyn
- Spierpyn
- Koors

(Enige 5 × 1) (5)

4.1.2
- Kom baie voor in plante wat as kos gebruik word
- Aanwesig op gereedskap en werkoppervlakke wat gebruik word vir die voorbereiding van kos
- Deur die lug van die een voorwerp na die ander gedra
- Aanwesig in kos wat ’n bron van voedingstowwe is wat voeding bied vir die groei van organismes

(Enige 3 × 1) (3)

4.1.3
- Vleis
- Pluimvee
- Ingemaakte vleis
- Gelatien
- Vis en visprodukte
- Melk en melkprodukte
- Eiers
- Vrugte en groente
- Rys (Enige toepaslike 5 × 1) (5)

4.1.4
- Tyd
- Kos
- Water
- Vog
- Temperatuur
- pH
- Beskikbaarheid van suurstof
- Donkerte
- Mededinging (Enige 6 × 1) (6)

4.1.5
- Outoklavering
- Chemiese stowwe
- Ioniese bestraling
- Mikrogolwe
- Ultravioletlig (Enige 4 × 1) (4)

4.2
- Onkundigheid van veiligheidsrisiko's
- Afleidings
- Geen behoorlike opleiding om masjinerie te bedien nie
- Volg nie die instruksies oor die gebruik van masjinerie nie
- Verkeerde beplanning en uitleg van vloeroppervlak (5)

4.3 **Werkgewersverpligtinge**
- Verseker die gesondheid en veiligheid van werknemers.
- Voorsien 'n veilige werkarea en veilige masjinerie en gereedskap.
- Gee instruksies en opleiding aan personeel.
- Skryf 'n beleidsdokument vir maatskappyveiligheid.
- Plaas brandblussers op gepaste plekke.
- Doen gereeld brandoefeninge. (Enige VYF)

Werknemerverpligtinge
- Sorg vir jou eie gesondheid en veiligheid.
- Sorg vir ander se gesondheid en veiligheid.
- Moenie die perseel of toerusting misbruik nie.

(5 + 3) (8)

Kopiereg voorbehou

4.4
- Wat moet in ’n noodgeval gedoen word?
- Waarom moet dit gedoen word?
- Waarheen moet die personeel gaan of waar moet hulle in ’n noodgeval vergader?
- Hoe moet dit alles plaasvind?
- Wat moet gedoen word om te verseker dat alles na normaal terugkeer? (5)

4.5
- Droë soen
- Hulp aan iemand in ’n noodgeval
- Gebruik van dieselfde badkamergeriewe
- Gebruik van dieselfde gereedskap
- Hoes of nies
- Gebruik van dieselfde toiletgeriewe (6)

4.6
- Bevorder gesondheid en veiligheid
- Verleng die lewensduur van vaste toebehore, bybehore en oppervlakke
- Verbeter hoe die gebou lyk (3)

[50]

VRAAG 5

5.1 Wetenskap van gesondheid (2)

5.2
- Veluitslag
- Aanhoudende diarree
- Gewigsverlies
- Moegheid
- Heraktivering van TB
- Aanhoudende koors en nagsweet
- Herpes van die mond of geslagsdele
- Geswelde tong
- Pyn wanneer gesluk word (Enige 8 × 1) (8)

5.3
- Hou gereelde MIV/vigs-bewusmakingsprogramme.
- Moedig vrywillige toetse aan.
- Hou onderwys en opleiding oor MIV/vigs.
- Bevorder kondoomverspreiding.
- Moedig gesondheidsoekende gedrag vir SOS’e aan.
- Skep ’n omgewing van openheid, openbaarmaking en aanvaarding.
- Organiseer welstandsprogramme vir werknemers wat deur MIV/vigs geraak word.
- Voorsien berading en sosiale ondersteuning aan diegene met MIV/vigs.

(Enige 5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

5.4
- LSD
- Kokaïen
- Dagga
- Towersampioene (‘Magic mushrooms’)
- Datura
- Ketamien
- Meskalien
- PCP (Enige 5 × 1) (5)

5.5 5.5.1
- Hande en naels moet gereeld gewas word, veral ná gebruik van die toilet.
- Naels moet kort geknip word.
- Gebruik ’n naelborsel om vuil naels skoon te maak.
- Moenie naellak of vals naels dra as daar met kos gewerk of kos bedien word nie.
- Moenie met jou hande aan jou neus of gesig raak terwyl jy kos voorberei nie, aangesien dit stafilokokkus-voedselvergiftiging kan oordra.
- Bedek alle sere en snye dit met ’n waterdigte verband en dra ’n steriele handskoen. (Enige toepaslike VYF)

5.5.2
- Moenie aan harde voorwerpe byt nie.
- Besoek die tandarts elke ses maande vir ’n ondersoek.
- Borsel jou tande twee keer per dag.
- Gebruik gereeld ’n nuwe tandeborsel.
- Gebruik ’n antiseptiese mondspoelmiddel.

5.5.3
- Hou hare skoon en vry van skilfers.
- Hou hare weg van die gesig.
- As hare oor die kraag kom, moet dit vasgemaak word.
- Dra ’n gepaste kopbedekking of pet.
- Was hare een of twee keer per week om dit skoon te hou.
- Haarborsels en kamme moenie gedeel word nie.
- Borsel hare in die kleedkamer of op ’n gepaste plek.
- Mans moet skoon geskeer wees en hulle baard laat knip.
- Wees bewus van haarprobleme soos kopluise.
- Borsel hare om sirkulasie moontlik te maak. (Enige VYF)

(3 × 5) (15)

5.6
- Spoeg kom op vingers en skadelike bakterieë soos stafilokokkusse kom op vingers wanneer ’n sigaret hanteer word.
- Rook moedig jou aan om oor kos te hoes en te nies.
- Sigaretstompies en as kan in die kos val.
- Dit kan besmetting veroorsaak. (4)

5.7
- Beperk die voorsiening van voedsel en water: Dit mag nie in die voedseldienseenheid staan nie.
- Toegang moet uitgeskakel word: Vul gate en gaasdeure.
- Daar moet geen beskutting vir knaagdiere wees nie: Verwyder leë houers.

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

5.8
- Verhoogde hartklop en bloeddruk
- Rusteloosheid
- Angstigheid
- Slaaploosheid
- Gastroïntestinale versteuring
- Spiertrekkings
- Doellose vloei van gedagtes en spraak
- Prikkelbaarheid
- Onreëlmatige of vinnige hartklop
- Verlies aan vloeistof wat dehidrerende effekte het (Enige 5 × 1) (5)

[50]

VRAAG 6

6.1 Flavonoïede kom in baie verskillende kossoorte voor (2)

6.2 6.2.1 Middel✓ wat by sterilisasie gebruik word✓ en alle mikrobiese lewe vernietig, insluitende spore van bakterieë✓

6.2.2 Enige chemikalie✓ wat gebruik word om te steriliseer✓ of vir ontsmetting✓

6.2.3 Chemiese middel✓ wat gebruik word om vet ✓ en vuilgoed✓ te verwyder

(3 × 3) (9)

6.3
- Gebruik ’n geskikte skoonmaakmiddel om skade aan die betrokke gebied te voorkom
- Maak die oppervlakke deeglik droog ná skoonmaak
- Maak oppervlakke higiënies skoon ná gebruik
- Gebruik afsonderlike snyplanke vir vleis, vis, pluimvee en groente
- Wees bewus van alle veiligheidsgevare, bv. om op nat vloere te gly
- Was hande ná die hantering van hoërisiko-kossoorte (Enige 4 × 1) (4)

6.4
- Nie duur nie
- Nie gevaarlik nie
- Sal nie rubberseëls en -pype beskadig nie (3)

6.5
- Verwyder oppervlakolie en obstruksies voordat daar skoongemaak word.
- Volg die skoonmaakmetode wat die minste belemmering en ontwrigting sal veroorsaak.
- Herstel alle oppervlakke so gou as moontlik so goed moontlik.
- Gebruik altyd die eenvoudigste skoonmaakmetode.
- Wees bewus van veiligheidsgevare soos nat vloere.
- Verwyder alle stof en vuilgoed en moenie dit na ’n ander gebied oordra nie.
- Voer die skoonmaakproses so vinnig moontlik uit.
- Die skoonmaakproses is daarop gemik om skoon higiëniese oppervlakke te bewerkstellig. (Enige 5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

6.6
- Meng in met ’n persoon se verhoudings met familie en vriende
- Meng in met iemand se vermoë om werk-, skool- of gesinsverpligtinge na te kom
- Lei tot regsprobleme
- Lei tot gevaarlike gedrag
- Lei tot mediese probleme (Enige 5 × 1) (5)

6.7
- Ventileer die kamer.
- Trek die beddegoed af en verwyder vuil linne.
- Plaas vuil linne in ’n wasgoedmandjie op ’n huishoudingskarretjie.
- Maak asbakke en vullisblikke leeg.
- Verwyder skottelgoed en al die rommel.
- Maak wasbakke en badkamers skoon.
- Maak die bed weer op.
- Stof alle vaste toebehore en bybehore af of vee dit af.
- Maak kolle teen die mure skoon.
- Stof meubels af of vee dit met ’n klam lap af.
- Maak vloere skoon.
- Vervang handdoeke en toiletpapier.
- Vervang skryfbehoeftes.
- Stel vensters reg.
- Gaan na vir enige gebreke en rapporteer dit. (15)

6.8
- Wees doeltreffend.
- Skep ’n verwelkomende atmosfeer.
- Verseker hoë standaarde van netheid.
- Beheer en hou toesig oor personeel.
- Vestig goeie werksverhoudinge met ander departemente.
- Verseker dat die hotel- en veiligheidsregulasies nagekom word.
- Hou die hoofbestuurder op hoogte van alle sake. (Enige 4 × 1) (4)

6.9 In die voedseldiensbedryf gebruik alle skoonmaakprosedures water. Die gehalte van die water wat gebruik word, sal uiteindelik die netheid beïnvloed. (3)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou